# Senwes

# JAAREINDRESULTATE
## APRIL 2017




### Finansiële hooftrekke

| Finansiële hooftrekke | | 2017 | 2016 |
|---|---|---|---|
| Wins voor rente en belasting (EBIT) (R'm) | ▲ | 433 | 377 |
| Netto wins na belasting (R'm) | ▲ | 167 | 156 |
| Genormaliseerde wesensverdienste (sent/aandeel) | ▲ | 108,4 | 79,3 |
| Eiekapitaalverhouding (%) | ▼ | 38 | 40 |
| Rentedekking (keer) | ▼ | 2,3 | 2,5 |
| **Segmentresultate** | | | |
| Marktoegang (R'm) | ▼ | 85 | 174 |
| Insetverskaffing (R'm) | ▲ | 43 | 5 |
| Finansiële dienste (R'm) | ▲ | 147 | 74 |

### Segmentresultaat

| 2017 | 2016 |
|---|---|
| R275 miljoen | R253 miljoen |




Omset verhoog met 7,6% na
**R9,9 miljard**

EBITDA verhoog met 13,9% na
**R474 miljoen**

Opbrengs op openingsekwiteit (%)
**2017: 8,9**
2016: 8,6
**0,3%** ▲


Genormaliseerde wesensverdienste (HEPS) s/aandeel
**2017: 108,4**
2016: 79,3
**36,6%** ▲

Finale dividend van
**25 s/aandeel**
(2016: 20 s/aandeel)

## Insetverskaffing

**126** besigheidseenhede

Senwes Equipment het goeie netto resultate gelewer, nieteenstaande 'n krimpende mark en klante wat onder kontanvloeidruk verkeer. Gebruikte heelwerktuie het 'n uitsonderlike jaar beleef weens die abnormale styging in die prys van nuwe goedere asook weens die kontantvloeidruk wat produsente ervaar. Hinterland het 'n uitdagende plantseisoen beleef tydens die finansiële jaar weens laat reënval en die oordrag van insetmiddele deur produsente vanaf die vorige jaar. Ten spyte van die uitdagings, het omset met 3,4% toegeneem en marges het met 11,6% verhoog. Hinterland se nuwe brandstofstrategie het gedeeltelik bygedra tot die verhoging in marges. Goeie kostebestuur, tesame met die verhoogde omset en marges, dra by tot 'n 46,4% toename in Hinterland se wins na belasting. Prodist het goeie groei in 'n uitdagende jaar behou. Dit is bereik deur gefokusde bemarking, beskikbaarheid van produkte, kwaliteit produkte teen mededingende pryse en die uitbreiding van produkreekse ten einde aan die vereistes van klante te voldoen.




## Vooruitskouing

'n Rekord mielieoes word deur die Oeskomitee voorspel, wat goeie volumes vir Senwes voorspel. Daarteenoor sal die sagtekommoditeitspryse waarskynlik onder druk bly en naby uitvoerpariteit bly verhandel totdat genoegsame uitvoere die situasie sal regstel. Kliënte sal waarskynlik fokus om skuldvlakke te normaliseer alvorens uitbreiding aangepak word.

## Finansiële Dienste

**20** besigheidseenhede

Nieteenstaande die droogte, het Credit sy beste resultate ooit afgelewer. Abnormale droogtetoestande van die vorige oesseisoen moes deurgesien word deur die verhoogde skuldvlakke allereers te normaliseer. Senwes Credit moes aan heelwat produsente oorbruggingsfinansiering verskaf, sonder om Senwes bloot te stel aan buitengewone bykomende kredietrisiko's. Nieteenstaande die druk wat produsente ervaar het die afgelope jaar, het Certisure se inkomste uit die totale bateversekeringsportefeulje met 9% gestyg en het die onderneming weereens verwagtinge oortref.

## Marktoegang

**92** besigheidseenhede

Senwes Grainlink se finansiële resultate is beïnvloed deur buitengewone lae volumes. Ten spyte van die katastrofiese oesjaar het die afgelope drie jaar se robuuste kapitaalprogram, tesame met die lojaliteitskema, markaandeel beskerm en selfs uitgebrei. Die resultaat spreek van uitstekende graanvoorraad- en kostebestuur en ook die suksesvolle uitbestuur van die nie-leweringsrisiko's. Verdere uitrol van die infrastruktuurverbeteringsprojek na ander silo's, sal in die komende jaar voortgaan.

**GEOUDITEERDE STATE**

Die verkorte jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2017 is beskikbaar op die internet by www.senwes.co.za of kontak die maatskappysekretaris by 018 464 7104 vir 'n kopie daarvan. Die volledige finansiële state, slegs in Engels, sal ongeveer 5 Julie 2017 ook op die webtuiste beskikbaar wees.




DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), F Strydom (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, CF Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)*, J Maswanganyi (Groep Uitvoerende Direkteur)*, JBH Botha, AJ Kruger, NDP Liebenberg, JJ Minnaar, SM Mohapi, AK Olivier**, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller, Maatskappysekretaris EM Joynt. *(Uitvoerend) **(Alternatief)